

## **Sing vooraf staande: Psalm 107:11, 12, 13 (p. 535)**

- 11 Hul wat na wêreldseë / op skepe uitgevaar,  
langs verre waterweë / die handelskat vergaar –  
hoe klaar en alte seer / dat hulle daar bemerk het  
die wonders wat die HEER / ver in die see gewerk het.
- 12 Hy spreek, en om die skepe / spring wilde bare op,  
die winde is die swepe / wat hul tot woede klop.  
Hul hart versmelt van wee – / hul vleg deur hoë golwe  
of skuif langs hulle see, / in dieptes haas bedolwe.
- 13 Hul waggel in hul spore / net soos die dronkaard, dan  
is hul vernuf verlore, / hul hart beswyk daarvan.  
Dan roep hul tot die groot / en eenge Stormbedwinger;  
Hy red hul uit die nood / waarin hul was geslinger.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE  
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe  
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit  
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

## **Loflied: Psalm 145:1, 2, 3, 12 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'nloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u daad van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

## **Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

### **Psalm 42:1, 5 (p. 214)**

- 1 Soos 'n hert in dorre streke / skreeuend dors na die genot  
van die helder waterbeke, / skreeu my siel na U, o God!  
Ja, my siel dors na die HEER, / na die Lewensbron; wanneer  
sal 'k, ná swerftog en benouing, / God weer sien in klare aanskouing?
- 5 Maar die HEER sal in my lewe / weer oordag sy guns gebied.  
Ook deur donker nag omgewe, / sing ek nog my pelgrimslied.  
Ja, ek lofsing in die nag, / want ek bly die HEER verwag;  
my gebed sal opwaarts strewe / na die bronwel van my lewe.

**Gebed**

### **Psalm 63:1, 3 (p. 307)**

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!  
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.  
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,  
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.

- 3 Ek wil U prys my lewe lank, / my hande ophef en U dank.  
Want, soos met vettigheid, sal weer / my siel versadig word, o HEER!  
My mond sal jubelend U noem, / my lippe hoog u weldaad roem  
wanneer die aarde<sup>in</sup> nag versink – / dan sal ek peinsend aan U dink.

**Skriflesing:** Lukas 1:39-56

**Kernverse:** Lukas 1:53

**Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur.**

(Lukas 1:53 AFR53)

**Tema:** Die andersheid van God se regering

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit is opmerklik hoe anders die regering van God in sy koninkryk is teenoor dit wat ons so goed ken in die wêreld waarin ons lewe. In ons wêreld is dit mos gewoonlik die sterkes en mooies en rykes wat bo uitkom, want aan die een kant kry hulle dit reg om, sonder om 'n oog daarvoor te knip, bo-oor ander mense te loop en te trap, en aan die ander kant het swakkeres en minder mooies en armes al daaraan gewoond geraak om plek te maak vir hierdie ander wat hulle pad oopskouer na bo.

Van Abraham se tyd af sien ons hoe die Here dit net heeltemal anders doen as wat dit vir ons bekend is in die wêreld. Hy roep Abraham nie wanneer hy en Sara jonk en lewenslustig is nie. Hy roep Abraham wanneer hy al vyf en sewentig jaar oud is en Sara vyf en sestig en sy boonop onvrugbaar is. Hy belowe aan hulle 'n nageslag, maar nog vyf en twintig jaar moes verloop voordat die Here sy belofte bewaarheid. Uit 'n baie ou vrou en man bring die Here 'n hele volk na vore.

Die Here kies ook nie 'n volk wat vaardig is met die nuutste wapentuig as sy volk om Kanaän te verower nie. Hy kies Israel wat vier honderd jaar lank slawe was en net weet van ja baas en nee baas. En deur hulle verdryf Hy die heidene uit Kanaän uit.

In die Nuwe Testament sien en hoor ons dieselfde gebeur onder die regerende hand van die Here. Lees maar weer vir wie noem ons Here Jesus geseënd en uitermate gelukkig in die Saligsprekinge. Dit is nie die mense wat in die oë van die wêreld sterk en mooi en slim is nie. Hy noem die mense wat arm van gees is, die vredemakers, die sagmoediges en die wat honger en dors na die geregtigheid, die gelukkigste mense op die hele aarde.

Dit is waar dat die Here sy algemene genade aan alle mense skenk. Hy laat sy son opgaan oor die wat reg doen en oor die wat verkeerd doen. Hy skenk reën aan die mense wat Hom erken as hulle God en ook oor die mense wat Hom nie wil aanbid nie. Maar die Here skenk sy besondere genade – sy seën – nie aan alle mense nie. Dit is net die mense wat Hy self uitkies aan wie die Here hierdie besondere genade gee.

Die maagd Maria was een van die mense wat die besondere genade van die Here ontvang het. Met verwysing na die feit dat sy deur die Here gekies is om aan Jesus die Christus geboorte te skenk, sê sy:

**Kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem, want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen.** (Lukas 1:48-49 AFR53)

In hierdie lied wat sy gesing het, hoor ons aan wie die Here sy besondere genade skenk. Sy beklemtoon die andersheid van God se regering in sy koninkryk soos wat dit duidelik

word in hierdie wêreld waarin ons lewe. Maria se lied wat bekend staan as die *Magnificat* (dit is die eerste woord in die Latynse vertaling van hierdie lied) herinner baie sterk aan Hannah se lied omdat sy vir Samuel gehad het nadat die Here haar gebed gehoor en verhoor het (1 Sam 2:1-10). Maar die hele lied is vol van verskeie verwysings uit die Ou Testament waarin dit oor en oor genoem word dat die Here sy besondere genade net aan die mense skenk wat Hy verkies het. Alhoewel Maria en al die ander vroue nie soveel formele onderrig ontvang het soos mans nie, was sy deur die Heilige Gees volgemaak met die Woord van die Here. Dit is die belangrikste onderrig wat enige mens kan ontvang.

Dit is belangrik dat ons moet raaksien aan wie die Here sy besondere genade skenk, want by baie mense heers die gedagte dat God die mense help wat hulleself help. In hierdie gedagte – God help hulle wat hulleself help – is 'n groot stuk menslike trots opgesluit. Volgens dié gedagte moet die mens eers self iets doen en dán sal die Here hom help en dit klaar maak. In die Bybel hoor ons eerder dat God die mense help wat niks vir hulleself kan doen nie. Die mens wat op sy eie krag en vernuf staat maak, van so 'n mens sê die Here:

**Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.** (Jeremia 17:5 AFR53)

Om op die Here te vertrou beteken egter nie dat 'n mens sit en niks doen terwyl jy op die Here wag om die werk te doen nie. Dit beteken eerder dat 'n mens nog voordat jy iets aanpak, jou eie onvermoë erken en op die Here vertrou om jou te sterk met sy genade sodat Hy deur die werk al die eer kan kry. Dit is hierdie beginsel wat in ons kernvers beklemtoon word. Kom ons kyk aandagtig na hierdie vers, sodat ons die beginsel ook sal begryp.

Broers, susters en kinders, die hongeriges en die rykes van wie Maria hier praat is nie mense wat brandmaer van hongerte na kos is nie en nie die mense wat nie die einde van hulle aardse skatte ken nie. Hier word van geestelik honger mense gepraat en mense wat selftevrede is en dink hulle het die Here nie meer nodig nie. Net so terloops, Maria het haarself as 'n geestelik honger mens gesien. Sy was nie sondeloos soos wat sommige Christene van haar dink nie. Sy noem God immers haar Saligmaker (Luk 1:47) omdat sy 'n sondaar is.

Maar hoe lyk 'n geestelik honger mens? Jesus praat van sulke mense in die Saligsprekinge:

**Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.** (Matteus 5:6 AFR53)

Geregtigheid is een van daardie woorde in die Bybel wat 'n baie ryke betekenis het. God se geregtigheid beteken dat God heilig is. Jesus het in sy lewe op aarde die heiligheid van God verpersoonlik. Hy het voluit elke gebod van sy Vader volmaak gehoorsaam en nooit enige sonde gedoen nie, want Hy is volmaak heilig. Wanneer daar by gelowige mense van geregtigheid gepraat word, beteken dit aan die een kant dat ons regverdig verklaar is deur God. Die mens wat in Jesus Christus as sy Verlosser glo, word van alle skuld vrygespreek. Aan die ander kant beteken geregtigheid ook dat die gelowige mens onder die heerskappy van die Heilige Gees 'n lewe lei waarin hy al meer en meer lewe in ooreenstemming met God se wil. In toenemende mate sterf so 'n mens die sonde en die ou mens af totdat hy eendag volmaak voor Christus sal staan. Die mens wat dan honger en dors na die geregtigheid, is die mens wat van begeerte brand om 'n heilige lewe te lei sodat hy met sy lewe God kan verheerlik. So 'n mens, sê Jesus, sal versadig word. Onder die heerskappy van die Heilige Gees en met die Woord van die Here sal so 'n mens daartoe gebring word om te doen wat reg is in die oë van die Here.

So baie keer word verkondig dat geloof in Jesus jou 'n gelukkige mens sal maak. Jy moet net in Jesus glo, dan sal al jou probleme opgelos word of selfs verdwyn. Daarom is daar baie mense wat net wil hê dat die Here sal seën sodat hulle gesond sal wees, 'n gelukkige gesinslewe kan hê of voorspoed in hulle werk kan beleef. Hulle is op soek na geluk en nie na geregtigheid nie. Dit gaan vir hulle oor wat die Here vir hulle kan gee, en as hulle dit nie by Hom gaan kry nie, sal hulle dit iewers anders gaan soek. 'n Mens dien die Here egter nie omdat Hy vir jou iets kan gee nie, maar omdat Hy God is. En diens aan die Here is nie net iets wat jy een uur of selfs twee uur van die week in 'n erediens doen nie. Diens aan God is ons hele lewe. In alles moet ons na die geregtigheid soek – daarna strewende om te doen wat reg is in die oë van die Here sodat Hy deur ons werke verheerlik word.

Natuurlik is elke ware gelowige ook bewus van die tekortkominge in sy lewe. Maklik word die gelowige ook deur selfsugtige begeertes weggelei van die geregtigheid waarna hy moet honger en dors. Maar die ware gelowige stry voortdurend teen hierdie begeertes wat uit sy sondige hart na vore kom. Dus, wanneer 'n ware gelowige se lewe in geheel bekyk word, is daar altyd 'n opwaartse kurwe om die Here te gehoorsaam. Die mens wat die geheel van sy lewe bekyk en 'n patroon van opstand en weerstand teen God se wil opmerk en 'n strewende om sy eie selfsug te bevredig, moet homself ernstig afvra of hy nie maar net voorgee om 'n Christen te wees nie.

God vervul die hongeriges met goeie dinge, sê Maria. Wanneer 'n mens honger is, is jy baie bewus van 'n groot behoefte. Om 'n honger te stil is nie 'n luuksheid nie, dit is 'n kwessie van oorlewing. Miskien was ons nog nie almal al so honger dat kos al is waaraan ons kon dink nie. Maar mense wat regtig honger is se gedagtes is heeltyd net gefokus op hoe hulle kos in die hande kan kry. So behoort gelowiges na die geregtigheid van God te honger. Is ons bewus van hierdie groot behoefte dat God ons sondes moet vergewe? As jy weet dat God jou sondes op grond van Christus se offer aan die kruis vergewe het, is jy steeds oortuig dat jy nog nie genoeg van die Here en sy geregtigheid gekry het nie? God vervul sulke honger mense met goeie dinge.

Noudat ons weet wie die hongeriges is, fokus die Heilige Gees ons aandag op waarmee ons versadig kan word. Maria sing dat die Here die hongeriges met goeie dinge vervul. Wie die geestelike hongerte aan hom voel knaag, moet die Here soek om versadig te word. Net Hy alleen kan daardie leegte in ons volmaak.

'n Geestelike hongerte kan jy nie met iets anders vervul en versadig nie. Die woorde in Jesaja 55:1 ken ons goed. Dit is die woorde waarmee die Here ons baie maal na sy nagmaalstafel roep:

**o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! (Jesaja 55:1 AFR53)**

Maar luister nou net wat sê die Here verder:

**Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe. (Jesaja 55:2-3a AFR53)**

God self is die goeie waarmee Hy 'n geestelik honger mens versadig.

Dawid het dit geken. Toe koning Saul jaloers was op Dawid, moes Dawid vir sy lewe vlug. By geleentheid was hy in die woestyn van Juda op sy vlugtog. Wanneer mense in groot

nood verkeer, soos Dawid wat vir Saul moes vlug, sal hulle baie maklik vir die Here om uitkoms smee of selfs vir die dood van hulle vervolgers. Luister waarna het Dawid verlang toe hy in hierdie nood was:

**o God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water.** (Psalm 63:2 AFR53)

Luister dan hoe vergelyk Dawid hierdie versadiging met die Here self:

**Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe as ek aan U dink op my bed, in die nagwake oor U peins.**  
(Psalm 63:6-7 AFR53)

Dit is net die Here self wat 'n mens se geestelike honger kan versadig. Daarom moet ons versigtig wees om versadiging te soek by iets wat nie in Jesus Christus gevestig is nie. Die Satan het die vermoë om met slinkse verleidings 'n mens te lok na dinge wat lyk asof dit 'n mens se soeke kan bevredig. Aanvanklik lyk dit ook asof 'n mens daaruit versadiging kan kry, maar mettertyd kom 'n mens agter dit was net 'n illusie. Geestelike honger word deur niemand anders as die Here self versadig nie. Daarom spoor Jesus ons aan om die geregtigheid en die koninkryk van God heel eerste te soek en al die ander dinge, soos kos en klere, sal Hy aan ons toevoeg – Hy gee dit vir sy bemindes in hulle slaap (Matt 6:33; Ps 127:2).

Die Here self versadig die mense wat geestelik honger is met Homself. Maar hoe versadig word mense wat geestelik honger is? Is die ergste honger net weggeneem? Let op dat die Heilige Gees dit vir Maria ingee om te sê dat die Here die hongeriges vervul het. Dit is in die verlede tyd geskryf, want Maria haal Psalm 107:9 aan. Die mense wat in hulle nood tot God om hulp geroep het, is deur Hom vervul of versadig met goeie dinge. Hy het hulle tot oorlopens toe vervul. Wanneer die Here 'n geestelike honger mens versadig, doen Hy dit nie halfpad nie. Hy versadig so 'n mens geheel en al.

Dit is soos toe Jesus die vyf duisend met vyf brode en twee vissies gevoed het. Almal wat van die brood en vis geëet het, het meer as genoeg gehad, want daar het nog twaalf mandjies vol oorgebly van die kos wat nie geëet kon word nie.

Wie met sy geestelike hongerte na Jesus Christus kom, sal nooit teleurgestel word nie. Ons wat reeds in die Here Jesus glo, kan hiervan getuig. Ons het al geproe hoe heerlik die goeie dinge is wat God in Christus aan ons voorsit. Daardie knagende geestelike honger is versadig – ons sondes is vergewe, ons geniet die vrede met God, ons het die vreugde van die Heilige Gees en ons sien daarna uit om die Here te ontmoet. En tog kan ons nie genoeg kry van die Here nie. Solank as wat ons in hierdie lewe is, sal ons honger na nog meer kennis en insig van die Here wat Hy in Christus aan ons skenk. Ons Drie-enige God is só groot; ons sal Hom nooit kan uitput van die goeie wat Hy ons skenk nie.

Mag die Heilige Gees ons so lei dat ons altyd honger en dors na die Here om versadig te word uit wat Hy in Christus aan ons in oorfloed skenk, want die tweede deel van hierdie vers is skrikwekkend. Maria sing dat God die rykes met leë hande weggestuur het. Die rykes is daardie mense wat dink dat hulle die Here nie regtig nodig het nie, want hulle kom op hulle eie goed reg.

Miskien het Maria hier die geestelike leiers – die Fariseërs en die skrifgeleerdes van Jerusalem – in gedagte gehad. Dit is immers hoe ons hulle in die evangelie leer ken. Hulle wou nooit erken dat hulle sondaars in nood is nie. Inteendeel, hulle het hulleself altyd beter as die sondaars gesien en Jesus verkwalik omdat Hy met die sondaars en die tollenaars

meng. Hulle het hulleself nie gesien soos wat God hulle sien nie – hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart (Luk 1:51). Hulle hoogmoedige trots het hulle verblind en daarom kon hulle nie hulle eie nood herken nie.

Die hartseer is dat dit nie net met die Fariseërs en die skrifgeleerdes gebeur het nie. Dit gebeur selfs met die kerk en dit het al met die kerk gebeur. Die kerk in Laodicéa het so geword. Hulle het van hulleself gesê: **Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie** (Openbaring 3:17 AFR53), maar hulle trots het hulle so blind gemaak dat hulle nie geweet het hulle is ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak nie. Hoe vergelyk óns geestelike hongerte met dié van Laodicéa? Het ons ook al selftevrede geraak, want het ons mos die Bybel en ons ken al die Here. Hoor wat sê die Here: Hy stuur die selftevredenes weg.

Hy ignoreer nie net die rykes nie. Hy laat hulle nie maar met leë hande daar staan terwyl Hy aan die geestelik hongeriges oorvloed van die goeie dinge gee nie. Hy stuur hulle beslis met leë hande van Hom af weg. Dit is 'n skrikwekkende gedagte. Party sal protes aanteken deur te vra: Maar wil God dan nie hê dat alle mens na Hom toe kom nie? Ja, dit is waar. God wil hê dat alle mense na Hom toe kom – op sý voorwaardes en nie op hulle voorwaardes nie.

Dit is mos deesdae die inding. Die kerk en alles wat die kerk doen moet so ingerig wees dat mense daarin tuis en gemaklik voel. En as hulle by hierdie kerk nie kry wat hulle soek nie, gaan hulle na 'n ander kerk, of nog erger, as hulle nie in die Christendom kry wat hulle soek nie, gaan soek hulle dit in die een of ander valse godsdiens.

Dit is net afgode wat geplooi en gemanupileer kan word totdat dit 'n mens pas. Na die lewende God kan 'n mens alleen op sy voorwaardes kom. En sy voorwaardes is dat 'n mens sy eie geestelike hongerte moet erken en beseft dat net God alleen daardie hongerte kan versadig deur Jesus Christus. God gaan nie in vir onderhandelings oor hierdie saak nie.

Hulle wat selftevrede oor hulleself en dit wat hulle van die Bybel en die Here weet met God wil onderhandel, sal met leë hande weggestuur word. En dit is 'n droewige toekoms, sê Paulus, want dan is so 'n mens sonder hoop en sonder God in die wêreld (Efes 2:12). Wat baat dit 'n mens as jy alles het wat jy dink jy nodig het in hierdie lewe en op die laaste dag voor die regterstoel moet staan met arms vol van wat jy gedoen en geweet het, maar jy het niks van die goeie dinge wat God alleen in oorvloed kan gee nie.

Hoe kan ek en jy dan keer dat ons met leë hande weggestuur word? As ons selftevredenheid by onself bemerk, moet ons luister na die dringende stem van Hom wat buite die deur staan en klop. Jesus het vir die kerk in Laodicéa gesê:

**Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.**  
(Openbaring 3:20 AFR53)

Christus sal daardie geestelike hongerte kan versadig en Hy wil dit doen vir elkeen wat sy geestelike nood erken en by Hom bekla. Elkeen wat dan weet dat hy geestelik honger na die Here, bid tot die Gees dat hierdie hongerte na die Here nooit sal ophou nie. Hy wil ons volmaak met die geregtigheid en die koninkryk van die Here en daarby sal Hy ook nog alles byvoeg wat ons nodig het.

**Amen!**

## Gebed

### Slotpsalm 34:4, 5 (p. 167)

- 4 Gods sterke Engel wil / 'n laer van beskutting wees  
óm almal wat die HERE vrees. / Hy maak hul onrus stil.  
Ervaar dan en aanskou / hoe waaksaam God is en hoe goed.  
Hoe salig is 't in my gemoed / as ek op Hom vertrou!
- 5 O heil'ge volk van God, / geheilig om sy volk te wees,  
jul hoef geen honger ooit te vrees, / God waak oor julle lot.  
Die jong leeu, groot van moed, / ly honger op die skrale jag,  
maar hulle wat die HEER verwag, / ontbreek dit aan geen goed.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
21 Desember 2014